# WAAROM GEBEUR DIT MET MY?

Dr Thys Smith

Daar gebeur in hierdie lewe soms verskriklike dinge met mense. Dink maar aan die onlangse verlede: 9/11 ( die terreuraanval op die Wêreldhandelsentrum in New York), aardbewings, tsunami's, oorloë, die vlaag van geweld ook in ons eie land.
En in mense se persoonlike lewe: siektes, ongelukke, aanrandings ens ens.

Vandag is jy gesond; môre sê die doktor: jammer, ek het slegte nuus. Of jy beland in 'n motorongeluk en jou lewe verander in een oomblik. Of iemand naby aan jou sterf, en niks is meer dieselfde nie.

Hoe moet ons dit verstaan?

'n Vraag wat ons dikwels hoor is: Waar is God dan? Hoe kan Hy sulke dinge toelaat?
Skriflesing; Job 1, Rom 8:28-39

(NB! Hierdie is slegs die hoofpunte van my preek)

1. **Ons as gelowiges moet in ons nadenke oor die groot lewensvrae altyd onsself herinner wie ons is/ wat ons identiteit is**
   Die mees fundamentele feit wat van ons geld is dat ons aan die Here behoort. Sien Sondag 1 van die Heid. Kategismus. Sien Rom 14:8-9. Sien Rom 8:39

2. **Soms kry ons wel antwoorde op ons diepste lewensvrae**
   Romeine 8:28 - soms sien ons hoe dit ook in ons eie lewe waar word.

3. **Ander kere bly dit wat gebeur vir ons 'n onverklaarbare raaisel**
   Daar is dinge in hierdie lewe wat nie vir ons redelik deursigtig is nie. Ook dán, so glo ons, moet ons vashou aan God se liefde en sy goeie bedoelinge met ons.

4. **Ons kan nie alles wat in hierdie lewe skeefloop op God se rekening skryf nie.**
   Ons kan bv nie as iemand vermoor word, sommer sê dis God se wil nie. Sy wil is geopenbaar in die Tien Gebooie. Daar hoor ons dat doodslag teen sy wil is.

5. **Dit is nie net negatiewe dinge wat bo ons begrip uitgaan nie; dit geld ook vir die goeie dinge en vir God se seën**
   Dat God mý liefhet, sy Seun vir mý laat sterf het, dit gaan my begrip te bowe. "Genade onbeskryflik groot."

6. **Dit is dikwels ons beproewinge eerder as ons voorspoed wat 'n blywende seën in ons lewe bring**
   Dink maar watter tyd in u lewe vir u 'n geestelike verdieping gebring het.

7. **God is deur al die gebrokenheid heen op weg met die wêreld**
   Rom 8:22

21/6/2009